



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE V2

(TEORIE)

FEBRUARIE/MAART 2011

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

AFDELING A**VRAAG 1: PASITEMS**

Kies 'n term/konsep uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – R) langs die vraagnommer (1.1 – 1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.11 S.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1	'n Gewilde draadlose toestel wat in die hand gehou word, ontwerp om toegang tot e-pos, teksboodskappe, telefoon en Internet te verskaf	A	GPS
		B	harde kopie
		C	breëband
1.2	'n Tegnologie wat met die vertoon van beelde op 'n platskermmonitor geassosieer word	D	wolk-rekenarisering ('cloud computing')
1.3	Gebruik van IKT op 'n manier wat nie die omgewing beskadig nie, of wat probeer om die skade aan die omgewing te verminder	E	aanraakskerm
		F	databasis-administreerder
		G	VKV ('LCD')
1.4	Die persoon verantwoordelik vir die sekuriteit en gladde werking van al die elektroniese rekorderingsstelsels in 'n groot korporasie of instelling	H	Blackberry
		I	ETG/LSG ('RAM')
1.5	ADSL en 3G is beide voorbeelde van hierdie tipe Internetverbinding	J	bediener
		K	flitskyf ('flash disk')
1.6	'n Woordverwerkingseienskap waar veranderinge deur verskillende mense aan dieselfde dokument gesien, aanvaar of verwerp kan word	L	MySpace
		M	groenrekenaarstelselgebruik ('green computing')
1.7	'n Permanente vorm van afvoer op papier	N	veranderingspoor ('track changes')
1.8	'n Sosiale netwerkwebtuiste wat jou beperk tot die pos van kort teksboodskappe	O	webmeester
		P	Twitter
1.9	'n Klein, draagbare rekenaar wat gewoonlik nie 'n ingeboude DVD- of CD-aandrywer het nie	Q	voetnote
		R	netboek
1.10	'n Toestel wat as beide toevoer- en afvoerrandapparatuur kan dien		

(10 x 1)

[10]

VRAAG 2: MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (2.1 – 2.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 2.11 E.

2.1 Die opgradering van die apparatuur van jou rekenaar sal die beste keuse wees wanneer jou ...

- A rekenaar nie wil aanskakel nie.
- B antivirusprogramme opgedateer moet word.
- C hardeskyf gedefragmenteer is.
- D rekenaar te stadig is om nuwe programme te laat loop.

2.2 Watter EEN van die volgende woordverwerkingseienskappe behoort gebruik te word om bronne of inligting wat vanaf die Internet verkry is, aan te dui en te erken?

- A Boekmerke
- B Inhoudsopgawe ('Table of contents')
- C Velde
- D Voetnoot

2.3 Die hoof funksie van die SVE ('CPU') is om ...

- A seine van analoog na digitaal en andersom om te skakel.
- B programme en data wat wag om verwerk te word, tydelik te stoor.
- C as netskans ('firewall') op te tree.
- D data en instruksies te verwerk.

2.4 'n GPS-navigeringstoestel ...

- A moet aan jou rekenaar gekoppel wees voordat dit sal werk.
- B gebruik satellietegnologie om 'n roetekaart na 'n spesifieke plek te skep.
- C kan slegs in die aand gebruik word wanneer satelliete vanaf die aarde sigbaar is.
- D sal slegs in stede en nie in afgeleë areas werk nie.

2.5 'n Sirkelgrafiek sal die beste keuse van grafiek wees om te gebruik wanneer jy probeer om ... te wys.

- A 'n vergelyking van waardes oor 'n reeks
- B 'n neiging, byvoorbeeld die petrolprys, oor 'n tydperk
- C die bydrae wat elke deel tot die geheel maak
- D 'n vergelyking tussen pare waardes

- 2.6 Hoe meer megapiksels 'n digitale kamera het, hoe beter, want dit ...
- A verbeter die kwaliteit van die beeld.
 - B vereis minder stoor spasie op die geheuekaart.
 - C laat jou toe om beelde na 'n rekenaar toe oor te dra.
 - D gee outomaties stabiele prentjies.
- 2.7 Watter EEN van die volgende is die beste opsie om te kies as jy dink die webblad waarna jy kyk, nie op datum is nie (oud)?
- A Verander na 'n ander IDV ('ISP')
 - B Verfris die webblad
 - C Verander na 'n 3G-konneksie toe
 - D Opdatering van jou antivirusprogram
- 2.8 Om seker te maak dat 'n nuwe speletjie op jou rekenaar sal werk, moet jy eers nagaan of ...
- A jy verstaan hoe die speletjie werk.
 - B die hardeskyf van jou rekenaar onlangs gedefragmenteer is.
 - C jou rekenaar aan die stelselvereistes van die speletjie voldoen.
 - D die bedryfstelsel 'n oopbronbedryfstelsel is.
- 2.9 Watter EEN van die volgende poorte is die beste keuse om te gebruik om video's van 'n videokamera na 'n PR ('PC') af te laai?
- A PS2
 - B USB
 - C Parallel
 - D 'Firewire'
- 2.10 Watter EEN van die volgende sal NIE help om die aantal foute wat 'n gebruiker kan maak wanneer die gebruiker rekords in 'n databasistabel vaslê, te verminder nie?
- A Stel die maksimum grootte van teksvelde
 - B Stel valideringsreëls vas
 - C Keer dat die gebruiker veranderings aan data kan maak nadat dit vasgelê is
 - D Maak van toevoermaskers gebruik

(10 x 1) [10]

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

Lees die scenario hieronder aandagtig deur aangesien die vrae wat volg, daarop gebaseer is.

SCENARIO

'n Groep Rekenaartoepassingstegnologie-leerders (RTT-leerders) (Ben, Xolani, Tersia, Tasneem en Keshnee) het 'n rekenaarklub, met 'n paar nuwe en ou rekenaars, in 'n lokaal by hulle skool gevestig. Lede van die klub laat ander leerders toe om toegang tot die Internet te kry en om speletjies te speel. Hulle beantwoord ook enige rekenaarverwante vrae teen 'n klein footjie. Van die ou rekenaars moet óf opgedateer óf vervang word.

VRAAG 3

- 3.1 Gee die DRIE hoofapparaatuurkomponente van 'n rekenaar waarvan jy die spesifikasies moet ken indien jy 'n nuwe rekenaar wil koop.
(LET WEL: Dit sluit enige randapparatuur en grafikakaarte uit.) (3)
- 3.2 Die groep oorweeg 'n fondsinsameling om twee skootrekenaars aan te koop.
Noem TWEE moontlike voordele van 'n skootrekenaar in vergelyking met 'n tafelrekenaar. (2)
- 3.3 Wanneer jy 'n skootrekenaar koop, noem TWEE spesifikasies en toebehore waaroor jy moet uitvind, wat spesifiek van toepassing is op skootrekenaars in teenstelling met tafelrekenaars. (2)
- 3.4 Van die monitors moet vervang word en die ouer tipes katodestraalbuismonitors (KSB) ('CRT') is nie meer beskikbaar nie, sodat platskermmonitors aangekoop sal moet word.
- 3.4.1 Noem TWEE spesifikasies waarna die span sal moet kyk wanneer platskermmonitors aangekoop word (behalwe die keuse tussen KSB en platskermmonitors). (2)
- 3.4.2 Behalwe die feit dat KSB-monitors feitlik onmoontlik is om te bekom en te koop, noem TWEE voordele van platskermmonitors in vergelyking met KSB-monitors. (2)
- 3.5 Gebruikers is dikwels geneig om die belangrikheid om 'n goeie kwaliteit muis en sleutelbord te gebruik, oor die hoof te sien. Ergonomiese oorwegings moet ook in berekening gebring word.
- 3.5.1 Verduidelik kortliks wat met die term *ergonomie* bedoel word. (2)
- 3.5.2 Noem TWEE eienskappe van 'n ergonomies ontwerpte sleutelbord. (2)
- 3.5.3 Hoe kommunikeer 'n koordlose muis met 'n PR ('PC')? (1)
- 3.5.4 Noem TWEE moontlike nadele om 'n koordlose muis te gebruik. (2)

- 3.6 Die span moet die aankoop van 'n nuwe drukker oorweeg.
- 3.6.1 Watter tipe drukker sal die beste opsie wees om te gebruik as hulle 500 A4 swart-en-wit plakkate vir die skool se sportdag moet druk?
(LET WEL: MOENIE spesifieke modelle of handelsname as antwoord gee NIE.) (1)
- 3.6.2 Watter tipe drukker sal die beste opsie wees om te gebruik as hulle hoë kwaliteit kleurfoto's van die vyf spanlede moet druk?
(LET WEL: MOENIE spesifieke modelle of handelsname as antwoord gee NIE.) (1)
- 3.6.3 Noem DRIE faktore of spesifikasies waarna gekyk moet word wanneer 'n drukker aangekoop word, buiten die koste van die aankoop van die drukker.
(Neem aan dat jy reeds besluit het watter tipe drukker die geskikste is vir jou spesifieke behoeftes.) (3)
- 3.7 Baie flitsskywe ('flash disks') het deesdae ingeboude vingerafdruk-herkenningseienskappe.
- 3.7.1 Wat is die algemene of generiese naam wat gegee word aan 'n toestel wat die fisiese eienskappe van 'n persoon kan identifiseer en gebruik? (1)
- 3.7.2 Wat sal die doel van vingerafdruk-herkenningseienskappe op 'n flitsskyf wees? (1)
- 3.7.3 Buiten vir vingerafdruk-herkenning, noem EEN ander manier waarop 'n stelsel gebruikers deur hulle fisiese eienskappe kan identifiseer. (1)

[26]**VRAAG 4**

- 4.1 Die span oorweeg dit om al die rekenaars na Windows 7 op te gradeer. Xolani wil weet waarom hulle eintlik 'Windows' nodig het aangesien hulle slegs van kantoortoeëpassings gebruik maak. Ben stel voor dat hulle 'n oopbronbedryfstelsel oorweeg.
- 4.1.1 Gee DRIE redes waarom rekenaars nie kan werk sonder 'n bedryfstelsel soos Windows 7 nie, deur na die funksies van 'n bedryfstelsel te verwys. (3)
- 4.1.2 Gee DRIE redes waarom dit nie moontlik of wenslik mag wees om die bedryfstelsel op te gradeer nie, behalwe vir die kostekwessie. (3)
- 4.1.3 Wat is die hoofverskil, behalwe koste, tussen programmatuur wat oopbron is en programmatuur wat nie oopbron is nie. (1)
- 4.1.4 Noem 'n gewilde oopbronbedryfstelsel vir gebruik op 'n PR ('PC'). (1)

- 4.2 Wanneer 'n rekenaar aan die Internet gekonnekteer is, kan die bedryfstelsel outomaties bywerk- en opdateerprogramme ('patches' en 'updates') aflaai en installeer vir programmatuur wat op die rekenaar geïnstalleer is, insluitende die bedryfstelsel.
- 4.2.1 Wat is die voordeel van die outomatiese aflaai en installeer deur die bedryfstelsel van opdateringsprogramme, behalwe enige waarde wat die opdateringsprogramme self verskaf? (1)
- 4.2.2 Hoe kan 'n mens verhoed dat opdateringsprogramme outomaties afgelaai en geïnstalleer word? (1)
- 4.2.3 Gee TWEE redes waarom hierdie bywerk- en opdateringsprogramme nodig of nuttig kan wees om te hê. (2)
- 4.2.4 Gee TWEE redes waarom iemand NIE sou wou hê dat die opdateringsprogramme outomaties aflaai en installeer NIE. (2)
- 4.3 Virusse en tipes malware, soos klikprogramme ('spyware'), is 'n groot bekommernis, veral in 'n netwerkomgewing.
- 4.3.1 Gee 'n gedetailleerde definisie van 'n *virus* en hoe dit in die algemeen funksioneer. MOENIE eenvoudig 'n lys van aanduidings of simptome van virusse gee NIE. (3)
- 4.3.2 Gee DRIE wenke om te voorkom dat rekenaars deur virusse besmet word. (3)
- 4.3.3 Tersia voel dat rekenaars nie deur virusse besmet sal word nie, as hulle nie aan die Internet gekoppel is nie.
- Stem jy saam met haar? Motiveer jou antwoord kortliks. (2)
- 4.4 Keshnee wil 'n speletjie wat sy op haar rekenaar geïnstalleer het, verwyder. Tasneem sê dat sy nie die lêergids waarin dit gestoor is eenvoudig kan uitvee nie, aangesien dit probleme kan veroorsaak.
- Noem EEN veilige manier waarop die speletjie van die rekenaar verwyder kan word. (1)
- 4.5 Xolani kan nie 'n lêer, genaamd *Prices.docx*, wat hy as 'n aanhangsel by 'n e-pos ontvang het, oopmaak nie.
- Noem TWEE maniere waarop hy hierdie dokument kan oopmaak. (2)
- 4.6 Ben het 'n 'tuis'-uitgawe ('home edition') van 'n gewilde fotoredigeringsprogram gekoop.
- Wat is die verskil tussen '*tuis*'-uitgawes en '*professionele*'-uitgawes van programme, behalwe vir die koste? (1)

VRAAG 5

- 5.1 Die span voel dat die volgende logiese stap sou wees om hulle rekenaars en rekenaartoestelle in 'n LAN aan mekaar te koppel deur kables te gebruik. Daar is egter kommer oor die sekuriteit en privaatheid.
- 5.1.1 Wat is die hoofverskil tussen 'n LAN en 'n WAN? Gee 'n geskikte voorbeeld van 'n WAN om jou antwoord te illustreer.
(LET WEL: MOENIE net die akronieme/afkortings uitbrei nie.) (2)
- 5.1.2 Watter addisionele apparatuur sal elke PR nodig hê om aan 'n LAN te koppel? (1)
- 5.1.3 Noem EEN manier waarop toegang tot ander gebruikers se lêers in 'n netwerkomgewing voorkom kan word. Dit sluit die beperking van fisiese toegang tot die rekenaars self uit. (1)
- 5.1.4 Noem TWEE dinge wat die span as 'anders' kan waarneem in vergelyking met toe hulle op rekenaars, wat nie op 'n netwerk gekoppel is nie, gewerk het. (2)
- 5.2 Die span wil graag hulle inbelkonneksie ('dial-up') opgradeer na die Internet met 'n breëband ('broadband')-konneksie.
- 5.2.1 Noem TWEE faktore, behalwe koste, wat in aanmerking geneem moet word wanneer 'n breëbandpakket gekies word. (2)
- 5.2.2 Verduidelik die verskil tussen hoe die koste vir Internetgebruik bereken word vir breëbandverbinding teenoor inbelverbinding. (2)
- 5.3 Tydens 'n ondersoek het die span bevind dat baie skole die gebruik van webtuistes, soos FaceBook en YouTube, verban het.
- 5.3.1 Beskryf kortliks die funksie of doel van die YouTube-webtuiste. (1)
- 5.3.2 Beskryf kortliks hoe die skool te werk kan gaan om te keer dat die leerders tot hierdie webtuistes toegang het. (1)
- 5.3.3 Gee 'n tegniese rede waarom skole mag kies om webtuistes soos FaceBook en YouTube te verban. (1)
- 5.3.4 Gee TWEE ander redes (buiten die antwoord wat jy op die vorige vraag gegee het) waarom skole mag verkies om tuistes soos FaceBook en YouTube te verban. (2)
- 5.3.5 Verduidelik hoe die Geskiedenisonderwyser inhoud van die YouTube-webtuiste vir al haar leerders toeganklik kan maak indien die skool nie toelaat dat die leerders die webtuiste mag besoek nie. (2)

- 5.4 Xolani is 'n sportfanatikus en spandeer baie tyd by die huis om die nuutste sportnuus en resultate op die Internet te kry.
- 5.4.1 Dit lyk dikwels of dieselfde webtuiste op sy tuisrekenaar verouderde puntetellings en resultate op het in vergelyking met wanneer hy dit by die skool oproep.
- Verduidelik kortliks aan hom waarom dit kan gebeur en hoe om die probleem op te los. (2)
- 5.4.2 Iemand het voorgestel dat hy 'RSS'-toevoere ('RSS feeds') gebruik om dit makliker vir hom te maak om die jongste puntetellings en nuus vanaf die webtuistes wat hy besoek, te kry.
- Verduidelik kortliks wat 'n 'RSS'-toevoer ('RSS feed') is en hoe dit Xolani se lewe makliker kan maak om toegang tot die inligting op al hierdie tuistes te verkry. (2)
- 5.5 Ben kan nie die BA ('URL') van 'n webtuiste wat hy onlangs besoek het, onthou nie. Hy gebruik 'n soekenjin om die webtuiste te vind maar kan dit steeds nie vind nie.
- 5.5.1 Verduidelik wat 'n BA ('URL') is. Die betekenis van die akroniem/afkorting word nie benodig nie. (1)
- 5.5.2 Noem TWEE eienskappe van 'n webdeurblaaier wat Ben kan gebruik om sy pad na die spesifieke webtuiste te vind sonder om van 'n soekenjin gebruik te maak. (2)
- 5.5.3 Beskryf kortliks die funksie van 'n soekenjin. (2)
- [26]**

VRAAG 6

6.1 Die skool se sekretaresse het die volgende e-pos ontvang:

Beste Standard Bank Kliënt

Ons stuur hierdie e-pos aan jou om jou in kennis te stel dat ons 'n groot opdateering van die bediener gehad het sonder vooraf kennisgewing

daarom moet jy op jou aanlynbankrekening ingaan en inligtings opdateer om die diens te kan aan hou gebruik

Ons is jammer vir enige ongerief wat dit mag veroorsaak maar ons is toegewy daaraan om vir jou die beste moottlike diens te gee en dit beteken om jou veilig te hou

Klik asseblief op die volgende skakel om jou rekening te opdateer

<https://www.standardbank.co.za/updates/internet-banking/>

Die uwe, Standard Bank

- 6.1.1 Die webadres wat in die e-pos gegee is, begin met *https*. Verduidelik kortliks waarna *https* gewoonlik verwys of wat dit beteken. Die eintlike betekenis van die akroniem/afkorting word NIE benodig nie. (1)
- 6.1.2 Gee TWEE redes wat jou versigtig of wantrouig oor hierdie e-pos sal maak. (2)
- 6.1.3 Noem TWEE maniere waarop jy kan bevestig dat hierdie e-pos bedrieglik (nie 'waar' nie) is. (2)
- 6.1.4 Wat is die generiese of algemene naam wat vir hierdie tipe aktiwiteit gegee word? (1)
- 6.1.5 Noem TWEE maniere waarop jy kan seker maak dat jy nie 'n slagoffer van hierdie tipe aktiwiteit word nie. (2)
- 6.2 Die skoolbibliotekaresse wil boeke vir die biblioteek op 'n aanlynboekwinkel koop.
- 6.2.1 Noem TWEE potensiële voordele daarvan om boeke aanlyn te koop. (2)
- 6.2.2 Noem TWEE voordele vir die winkel om boeke aanlyn te verkoop, teenoor verkope by 'n konvensionele winkel. (2)
- 6.2.3 Noem TWEE maatreëls wat banke gebruik om seker te maak dat kliënte nie misdaad- of bedrogslagoffers word wanneer hulle aanlyn vir goedere betaal nie. (2)

- 6.3 Die bibliotekaresse kla by die span dat sy groot volumes gemorspos ('spam') ontvang sedert sy op die Internet begin werk het.
- 6.3.1 Verduidelik kortliks wat *gemorspos* ('spam') is. (1)
- 6.3.2 Noem TWEE moontlike maniere waarop die bibliotekaresse die hoeveelheid gemorspos ('spam') wat sy ontvang, kan verminder. (2)
- 6.4 Ben het 'n 20 bladsy-pdf-dokument, wat beursaansoekvorms vir graad 12-leerders bevat, afgelaai. Hy het dit na 'n drukker op die netwerk gestuur, maar niks is gedruk nie.
- 6.4.1 Gee TWEE redes waarom elektroniese dokumente dikwels in pdf-formaat versprei word. (2)
- 6.4.2 Iemand stel voor dat hy die drukkertou ('printer queue') nagaan. Verduidelik kortliks waarom hy dit behoort te doen deur te verduidelik wat 'n *drukkertou* ('printer queue') is. (2)
- 6.4.3 Ben het niks in die drukkertou ('printer queue') gevind nie.
Neem aan dat die drukker korrek geïnstalleer en aangeskakel is. Gee TWEE ander moontlike redes waarom die dokument nie begin druk het nie. (2)
- 6.5 Die bibliotekaresse het die span gevra om te help om 'n plakkaat voor te berei wat die leerders wenke sal gee oor hoe om na te gaan of die inligting wat hulle in projekte gebruik, korrek is of nie.
Gee DRIE wenke oor hoe om na te gaan of inligting wat vanaf die Internet verkry is, feitelik korrek en betroubaar is. (3)
[26]

VRAAG 7

- 7.1 Tasneem kla dat die woordverwerkingsprogram woorde wat sy seker reg is, as verkeerd gespel uitlig. Byvoorbeeld, elke keer wat sy die speltoetsers laat loop, stel dit voor dat sy die woord 'colour' na 'color' verander.
Verduidelik kortliks waarom hierdie probleem voorkom en dui aan hoe dit opgelos kan word. (2)
- 7.2 Xolani sê dat soms wanneer hy 'n woordverwerkingsdokument redigeer, hy vind dat die bestaande teks deur die nuwe teks wat hy intik, vervang word.
Verduidelik kortliks waarom hierdie probleem voorkom en hoe dit opgelos kan word. (2)
- 7.3 Keshnee het 'n baie lang projek getik en sy kla dat sy sukkel om haar pad na spesifieke plekke binne die dokument te vind.
Noem TWEE eienskappe van 'n woordverwerkingsprogram wat dit makliker sal maak om na spesifieke plekke binne die dokument te beweeg. (2)

- 7.4 Die sekretaressie vra jou om na die sin hieronder, wat sy in 'n personeelkontrak getik het, te kyk.
- 'You **June** leave work earlier on the first Friday of every month.'
- Hierdie fout kom voor omdat die woord 'may' vervang is met die woord 'June', deur die 'Find and Replace'-funksie van die woordverwerker te gebruik.
- Verduidelik hoe om seker te maak dat die woord 'may' slegs verander word wanneer dit na Meimaand verwys. (1)
- 7.5 Tasneem het ontdek dat die woordverwerkingsprogram wat sy gebruik 'n funksie het wat jou toelaat om outomaties onderskrifte by prentjies, grafieke of tabelle te voeg.
- Gee TWEE redes, behalwe tydbesparing, waarom dit beter is om hierdie funksie te gebruik, eerder as om dit per hand te doen. (2)
- 7.6 Sigbladtoepassings het 'n wye verskeidenheid funksies wat gebruik kan word. Skryf die naam van die sigbladfunksie neer wat jy vir elkeen van die voorbeelde hieronder sal gebruik:
- 7.6.1 Tel 'n reeks getalle in 'n bestek bymekaar. (1)
- 7.6.2 Bepaal hoeveel selle in 'n reeks 'n waarde van 100 of meer het. (1)
- 7.6.3 Vind die aantal selle in 'n reeks wat getalle bevat. (1)
- 7.6.4 Onttrek die eerste twee karakters van 'n sel wat teks bevat. (1)
- 7.6.5 Vind die waarde wat die meeste kere in 'n reeks waardes voorkom. (1)
- 7.7 Wanneer Ben 'n sigblad met die klub se begroting uitdruk, druk dit op twee bladsye in plaas van op slegs een, soos hy dit wil hê.
- Gee TWEE moontlike oplossings vir hierdie probleem, sonder om die lettergrootte (fontgrootte) of reeks data wat gedruk moet word, te verander. (2)
- 7.8 Xolani het 'n databasis vir die klub geskep wat dit name, selfoonnommers en adresse van al die mense wat die klub se rekenaars gebruik, bevat. Hy het 'n gidsprogram ('wizard') gebruik om 'n vorm te skep om die rekords in te lees.
- 7.8.1 Verduidelik kortliks wat 'n *gidsprogram* ('wizard') is deur na die funksie daarvan te verwys. (2)
- 7.8.2 Noem TWEE voordele daarvan om 'n vorm te gebruik om rekords in 'n databasis in te lees, eerder as om dit direk by die tabel te voeg. (2)
- 7.8.3 Xolani is aangeraai om 'n tekstipe in plaas van 'n numeriese tipe vir sommige velde te gebruik.
- Verduidelik waarom dit 'n goeie idee is om selfoonnommers in 'n teksveld te stoor. (1)

- 7.8.4 Die volgende kriteria is gebruik om 'n navraag in die databasis te doen:

≤ 1 and > 10

Sal hierdie kriteria enige rekords gee? Motiveer kortliks jou antwoord. (2)

- 7.9 Die volgende funksie is in die verslagonderskrif ('report footer') van 'n verslag geplaas:

=Count(*)

- 7.9.1 Verduidelik wat hierdie funksie sal vertoon. (2)

- 7.9.2 Verduidelik wat die verskil sal wees as dieselfde funksie in 'n groeponderskrif ('group footer') eerder as 'n verslagonderskrif ('report footer') geplaas word. (1)
[26]

TOTAAL AFDELING B: 130
GROOTTOTAAL: 150